# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 165 19 Julie 2019




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Buig voor die keiser**

Die geskiedenis herhaal homself. Eeue gelede het die Prediker reeds gesê: "*Wat was, sal weer wees; wat gebeur het, sal weer gebeur. Daar is niks nuuts in hierdie wêreld nie.*" (Prediker 1:9)

In Daniël se tyd in ballingskap is daar van hom verwag om die Babiloniese heerser, koning Darius, te aanbid. Vandag is dit die samelewing wat dieselfde van ons verwag. Daar word jaarliks op die 18de Julie verwag dat almal 67 minute van hulle tyd as "offer" bring ter nagedagtenis aan Nelson Mandela. Mandela word gesien as die groot bevryder - hy was dan ons land se "redding".

Die boodskap wat deur die Mandela-stigting voorgehou word, is dat jy eerstens jouself moet bevry, tweedens andere moet bevry en dan elke dag diensbaar lewe. Dit is ŉ boodskap wat geen Christen-gelowige kan ondersteun nie – ons redding kom tog slegs van die Een wat aan die kruis gesterf het. Nogtans word dit by skole en kerke gepromoveer dat elkeen ŉ "verskil" moet maak. Mandeladag is sedertdien deur onder andere die Verenigde Nasies omarm met ŉ wêreldwye oproep om Mandela te onthou deur die idee te promoveer dat elke individu die krag het om die wêreld te transformeer en die vermoë het om ŉ "verskil" te maak.

Die wêreld is sulke goeie "dissipels" vir Mandela se inklusiewe aanvaarding dat ons dissipelskap aan Christus soms maar afsteek daarteen. In skole en werkplekke moet almal met sy verjaardag 67 minute se humanisme skenk ter ere van sy voorbeeld en as viering van "vryheid". Hier het ons te make met ŉ institusionele verafgoding – keiseraanbidding is as staatgodsdiens ingestel. Standbeelde word opgerig, kranse word vir hom gelê en lofprysings word op sy verjaardag gesing.

Geen Christen kan meedoen aan hierdie afgodery nie. Ons lees in Galasieërs 5:1&13 "*Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie. ...Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.*" Dit is ons plig om op te staan teen hierdie blatante afgodsdiens en as gelowiges teen die wêreld te getuig.

Ook swig van ons kerke voor hierdie keiseraanbidding. Met Nelson Mandela se afsterwe is die volgende verklaring deur die NGK op "Facebook" geplaas: *"...Met die*

*dood van Nelson Mandela onthou ons sy lewe,* ***en in sy lewe vind ons, en die hele wêreld saam met ons, hoop vir die toekoms van God se wêreld****....*"  Hiermee het hulle Christus as enigste hoop vervang met 'n menslike afgod wat hoop vir die wêreld moet gee.

Selfs op die NHKA se "Facebook"-tydlyn is die volgende geplaas: "*Die NHKA betreur saam met die land en sy mense die afsterwe van oudpresident Nelson Mandela.* ***Die veranderinge wat vanweë sy leierskap óók in die Kerk gestalte gekry het, is sy grootste nalatenskap vir ons. Mag ons dit koester en verder voortdra.*** *Ons bede is dat almal in hierdie land, veral sy naasbestaandes, se treur nie sal wees soos díe wat sonder hoop is nie.*"

Laat ons kyk na wat Nelson Mandela se nalatenskap regtig was:

Die MK (uMkhonto we Sizwe) – ANC se "militêre vleuel wat verantwoordelik was vir terreuraanvalle op onskuldige burgerlikes was in 1961 deur hom en sy adviseur, die kommunis Joe Slovo, gestig.  In sy outobiografie "A long walk to freedom" het hy met trots erken dat hy as lid van die ANC se uitvoerende komitee opdrag gegee het ("personally signed off") vir die uitvoer van terreurdade soos die Kerkstaatbom in Pretoria op 20 Mei 1983.  Menige ander bomaanvalle op verskeie teikens het daarna gevolg.  Nie net het hy geweier om ooit geweld af te sweer nie (selfs Amnestie Internasionaal het geweier om sy saak te behartig omdat hy nie as gewetens-gevangene beskou is nie weens sy assosiasie met die gewelddadige aanvalle), maar hy het nooit berou daaroor getoon nie.

Nee, sal "Madiba" se ondersteuners sê,  ons kyk liewer na sy nalatenskap as staatsman - hy het immers apartheid afgebreek en 'n samehorige reënboognasie gebou, nie waar nie?  Hierdie sprokie was egter van die begin af gedoem tot 'n riller.  Sy nalatenskap sedert 1994 is nie net verdrukking van die Afrikaner deur praktyke soos regstellende aksie nie, maar veel meer.

Onder Mandela se presidentskap is 'n gemiddeld van 25 000 mense jaarliks vermoor, nogtans het hy jaarliks met sy verjaardag die tronkdeure oopgegooi en is menige veroordeelde misdadigers vrygelaat – onder andere gewapende rowers, moordenaars en verkragters wat dikwels binne 24 uur na vrylating weer met hulle misdade begin het.  Meer as 100 000 mense is tydens sy termyn as president vermoor.

Daar mag gemeen word dat Mandela "kinderregte bevorder het".  Onder sy presidentskap is pornografie egter gewettig.  Pornografie kan gesien word as propaganda vir 'n verkragtingskultuur – met 'n 400% toename in kinderverkragting volgens statistieke van die Polisie se Kinderbeskermingseenheid.

Sedert Mandela op 1 Februarie 1997 aborsie op aanvraag gewettig het met die ondertekening van die "Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap", is belastingbetalersgeld gebruik om meer as 'n miljoen ongebore babas amptelik op 'n "wettige" wyse te vermoor.

Hy het verder die aanvoerwerk gedoen tot die instelling van gay-verbintenisse - 'n poging om die huwelik soos deur God voorgeskryf, te vernietig.

In ons skole is ons kinders blootgestel aan ongesonde invloed en die herskryf van die land se geskiedenis om sodoende die regering se mag te versterk.  Die Onderwysdepartement het onderrig vervang met indoktrinasie: kinders moet geleer word hoe om te dink en wat om te dink.  Selfs ná

sy dood skryf kinders opstelle oor en huldeblyke aan Mandela en moet hulle aan Mandeladagvieringe deelneem. Protes teen hierdie onheilige aanprysing word beskou as ’n onwilligheid om te “versoen” en te “integreer”.

So ’n nalatenskap mag ons nie koester of voortdra nie; dit is iets waaroor ons moet treur en waarteen ons weerstand moet bied. Geen Christen kan meedoen in afgodsaanbidding nie: God, ons Skepper en Regter is die enigste Een wat ons aanbidding en lofprysing verdien. As sodanig moet gelowiges hulself afvra of hulle aan God of aan die samelewing gehoorsaam moet wees. "*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand*". Laat ons daarom liewer sê: “...*maar ek en my huis, ons sal die HERE dien*”.

- JdR (jaco@geloofsbond.org.za)

# BERIGTE EN KENNISGEWINGS

## BEROEP ONTVANG

Ds. Louis Alberts van Hervormde Kerk Koster het ’n beroep ontvang na Hervormde Gemeente Pietersburg.

## BONDSVERGADERING EN BONDSDAMESBYEENKOMS 2019

DATUM 8 tot 10 September 2019. (Dames 8-9 September)

Die Bestuurskomitee het op 12 Julie 2019 vergader om die agenda vir die Bondsvergadering vas te stel. Die agenda sal betyds aan alle gemeentes gestuur word. U word daaraan herinner dat die agenda elektronies beskikbaar gestel word en dat gemeente self harde kopieë moet produseer indien hulle dit verkies.

Die lys van plaaslike akkommodasie is reeds aan gemeentes gestuur.

## LEWENSBROOD 2020

Die sperdatum vir indiening van Lewensbrood 2020 se dagstukkies het reeds verstryk. Ons groot dank gaan aan die oorgrote meerderheid wat daarby gehou het en reeds hulle dagstukkies ingestuur het. Ons versoek die voete-slepers om die werk nou dringend af te handel. Die finale drukdatum is afhanklik van bydraes wat betyds ingestuur word.

## BYBELVASVRA 2019

Die aanvanklike datum van 2 Junie 2019 word verander na die ***NUWE DATUM VAN 21 JULIE 2019.*** By hierdie geleentheid sal die finale rondte geskied.

Ds Dirk van Rooyen

## GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na https://www.geloofsbond.org.za/

Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by

**Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com




Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

**Webtuiste:**

https://www.geloofsbond.org.za

**Sosiale media:**

https://www.facebook.com/geloofsbond